RANDSE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT

PUBLIKASIEREEKS VAN DIE JM MISSAK-SENTRUM VIR DIE BEVORDERING VAN VLAAMSE EN ARMEENSE KULTUUR

DIE VLAAMSE HUGENOTE

C.A.M. de Vleeschauwer

M3 Vlaams

DIE VLAAMSE HUGENOTE

1. FRANKRYK, GISTER EN VANDAG

Frankryk soos ons dit vandag ken, is die produk van ’n voortdurende politiek van gebiedsuitbreiding deur die drie opeenvolgende Franse koningshuise: die Capetingers, die Valois en die Bourbons voortgesit deur die Jacobyne van die Franse Rewolusie en Napoleon I.

Vanuit die Ile de France, die hartland rondom Parys, het die konings deur huwelike, oorloë en kuiperye hul mag oor steeds groter dele van die land uitgebrei. Buite hierdie kern het Baske, Bretoene, Normandiërs, Vlaminge, Boergondiërs, Savojards en Occitade gewoon: volksgroepe wat tot vandag toe deur hul taal of gebruike, hul tradisies of hul kultuur van mekaar verskil.[1]

Baie van hierdie volkere het eeuelank vry en onafhanklik onder hul eie feodale, regionale adel in hul stede en dorpe gewoon. Die Franse konings het in hul veroweringspolitiek hierdie gebiede ’n betreklike kulturele vryheid gelaat maar ’n steeds groter wordende administratiewe sentralisasiepolitiek gevoer. Gevolglik het die inwoners wel onder die gesag van die koning gestaan, maar hulle kon, binne hul eie gemeenskappe, hul tradisionele lewe voortsit. Hulle was dus onderdane van die koning, maar geen Franse nie.

Die Franse Rewolusie se Jacobyne, met hul obsessie van “la France une et indivisible” het aan hierdie etniese en kulturele verskeidenheid ’n einde probeer maak.[2]

Hulle het Parys met Frankryk vereenselwig en Frans tot die enigste taal van die administrasie, die leër en die skole verklaar en so probeer om nasie en staat een te maak.

Dit het tot opstande teen die republikeinse Jakobyne gelei maar in naam van “Vryheid, Gelykheid en Broederskap” het die Rewolusie in bloedige burgeroorloë die eeue-oue vryhede van die gemeenskappe binne die Franse gebied vernietig.[3]

Parys het Frankryk geword.[4]

2. CALVYN EN DIE HUGENOTE

In Duitsland was dit Martin Luther wat die Hervorming ’n vaste grondslag gegee het, maar in Frankryk was dit Jean Cauvin wat die nuwe leer verdedig en geformuleer het. Hy is beter bekend as Calvyn, ’n naam wat afgelei is van die verlatynste vorm ‘Calvinus’.

Jan Calvyn is in Noyon,[5] net binnekant die Pikardiese grens gebore. In 1516 het Keiser Karel die vyfde daar ’n verdrag onderteken met Frans I, die koning van Frankryk. Dergelike verdrae word gewoonlik op ’n neutrale gebied onderteken. Noyon het goed in die prentjie gepas. Een van sy biograwe noem Calvyn “die Pikardiese hervormer” en dis presies wat Jan Calvyn was.[6]

Johannes Calvyn

Sy moeder Jeanne le Franc was afkomstig van Kameryk waar haar vader – Calvyn se grootvader aan moederskant – ’n herberg of uitspanplek gehad het in die rue St Nicolas in Kameryk, vandag Cambrai, op die grens tussen Frankryk en die gebied wat onder die Boergondiërs die “Sewentien Provinsies” genoem is.

Om Alles te kroon, het die herberg ook nog die betekenisvolle naam gedra van “AUX DIX SEPT PROVINCES”. ’n Foto van die plek kan nog in Jean Marie Gantois se boek *De Zuijdelijkse Nederlanden* gevind word. Kameryk was trouens eeuelank die biskoplike setel van die graafskap Vlaandere, Artesië en Pikardië. Die Kamerykse (Cambresis) gebied het deel uitgemaak van die 17 Provinsies onder die Boergondiërs, wat onder andere uit al die Nederlandse provinsies en Boergondië bestaan het.[7]

Lamoraal, graaf van Egmont, saam met Willem van Oranje en Hoorn die leiers van die opstand teen die Spanjaarde, het in die Kamerykse gebied eiendomme besit en Kameryk het tydens die opstand onder leiding van Willem van Oranje die kant van Oranje teen die Spaanse oorheersing gekies.[8]

Kaart van die Nederlandse Republiek

Ons kan dus gerus aanvaar dat Jeanne le Franc, Calvyn se moeder, van oorsprong uit ’n gebied gekom het wat tot aan die Reformasie tot die 17 Provinsies behoort het. Die Cauvins was afkomstig van Pont L’Evèque, ’n dorpie langs die Oiserivier met ’n brug oor die rivier. Dit was, net soos Noyon, in Pikardië geleë. Hulle was dus geen Franse nie maar Pikardiërs, inwoners van ’n provinsie wat op die einde van die twaalfde eeu deur die Franse konings verower is maar eers in die vyftiende eeu (1477) finaal aan die Franse kroon geheg is. Sowel aan vaderskant as aan moederskant was Calvyn ’n Pikardiër, wat sy vurige aard verklaar, eie aan die mense van die streek.

Die gereformeerdes, ook Calviniste of Hugenote genoem, het al gou die repressiewe mag van Kerk en Koning ondervind. Die oorsprong van die naam “Hugenote” is onseker. Volgens sommiges is die woord afgelei van Juguet, ’n half legendariese koning, of van “huguenots”, klein muntstukkies, maar volgens die Larousse-ensiklopedie is die naam afgelei van die Duitse woord “Eidgenossen”, dus mense wat deur ’n eed verbind is. Feit is dat die woord oorspronklik as ’n skeldwoord gebruik is, soos die woord “Geuzen” in die Nederlande.

3. DIE HERVORMING IN FRANKRYK

Die Franse konings het in die R.K. Kerk **’n** sterk bondgenoot gehad in hul strewe na sentralisasie. So byvoorbeeld het die Kerk met die hulp van die Franse koning in 1209 tydens die kruistog teen die Katare of Albigense in die Suide van Frankryk daarin geslaag om die “Kettery” (die woord is afgelei van die naam “Katare”) in **’n** bloedige veldtog uit te roei en die graaf van Toulouse aan die koning te onderwerp.

Dieselfde lot het die Orde van die Tempeliers in 1312 getref toe pous Clemens op aandrang van die koning, Philippe le Bel, die orde opgehef het. Die skatte van die Tempelridders het die skatkis van Philippe le Bel gevul en hom van ’n dreigende bankrotskap gered. Pous Clemens was toe al van 1309 in Avignon. Dit was die tyd van die dubbele pousdom en omdat die Vlaminge nie die “Franse” pous van Avignon wou erken nie aangesien hy die speelbal van die koning was en hulle sy leër in 1302 by Kortyk tydens ’n opstand verslaan het, het hulle toe en tot vandag toe steeds gepraat van die “pous van Rome”. Hulle het hom gekies omdat hy in ’n stryd met die Franse koning verwikkel was. Die verwysing na die pous van Rome was dus geen uiting van vrome gevoelens nie, maar ’n politieke stellingsname.[9]

Tempeliers tot die brandstapel veroordeel

Die Waldense het ook die mag van Kerk en Koning ondervind. Hulle was aanhangers van die prediker Valdo en het in die Alpegebergtes gelewe. Gedeeltelik uitgeroei deur Frans I het hulle in 1532 die gereformeerde beleid aanvaar en vandag is daar nog Waldensiese gemeentes in die Waldensiese valleie van Piedmont.

Ook die Calvinistiese Hervorming moes die mag van Kerk en Koning verduur. Soos in ander lande het allerlei faktore die verspreiding van die nuwe leer aangehelp. Daar was die wantoestande in die Katolieke Kerk self, die agterlikheid van die plattelandse geestelikheid en die laïsisering van die kerklike hoogwaardigheidsbekleërs, maar ook die ekonomiese agteruitgang, die belastings wat al hoe ondraagliker geword het, die druk van die gesentraliseerde administrasie en die antagonisme van die gemeenskappe met eie taal, tradisies, kultuur en geskiedenis teenoor Parys en alles wat die stad versinnebeeld het.

In hul ywer vir die nuwe geloof het die protestante openlik die Roomse kerk uitgedaag. In 1639 byvoorbeeld is die mure van Parys volgeplak met manifeste wat die Katolieke Kerk aangekla het en van hierdie pamflette is selfs teen die deur van die koning se kamer in sy paleis gespyker! Dit was die begin van meedoënlose vervolging. Calvyn vlug na Genève maar organiseer van daaruit die kerk in Frankryk. Hy slaag daarin om heelwat invloedryke lede van die adel vir sy geloof te wen met die gevolg dat die protestante hul geloof tydelik buite die mure van Parys kon bely. Maar die slagting van Vassy in 1582 bring die begin van die burgeroorlog. Condé was die aanvoerder van die Hugenote. Dit was ’n gruwelike godsdiensoorlog waarby allerhande nie-godsdienstige elemente en motiewe ook ’n rol gespeel het. In 1572 word tydens die berugte St Bartholomeusnag duisende protestante vermoor wat na Parys gekom het om die huwelik van Hendrik van Navarra, ’n aanhanger van die nuwe geloof, met Margareta van Valois, dogter van koning Hendrik II by te woon. In 1589 word Hendrik van Navarra self koning, gekroon as Hendrik IV. Van hom word die beroemde spreuk onthou: “Parys is wel ’n mis werd!” Om koning te word moes hy naamlik katoliek word … In 1599, tien jaar na sy troonbestyging, vaardig hy die Edik van Nantes uit wat die protestante vryheid van geloofbelydenis gee buite die mure van Parys en die paleis. Hulle kry ook nog 150 versterkte vestings, dorpe en stede wat moes diens doen as skuilplekke in tye van vervolging. La Rochelle was die belangrikste. Dertig jaar van betreklike vrede en rus het gevolg.

Dit sou alles verander met die troonbestyging van Lodewyk XIV, die “Sonkoning”, wat in 1685 die Edik van Nantes herroep het. Soos so dikwels in die verlede het derduisende Hugenote die land verlaat in die vooruitsig van die moeilike tye wat sou kom. In totaal het tussen 200 000 en 400 000 Hugenote uit Frankryk gevlug. Daarvan is tussen 70 000 en 100 000 na Noord-Nederland. Dis onmoontlik om die presiese omvang van hierdie eksodus te bepaal. Ambagsmanne en handelaars kon die beste in die buiteland aanpas.

Die Reformasie het ook in Frans-Vlaandere vinnig veld gewen. Suid-Vlaandere of Frans-Vlaandere is eintlik die bakermat van die Reformasie in

die Nederlande. In Hondschoote en Armentiërs, waar die agteruitgang van die tekstielnywerheid 'n proletariaat geskep het, het die beeldestorm begin (1566).

4. VLAANDERE IN FRANKRYK

In die *Encyclopedie van die Vlaamse Beweging* dl 1 lees ons: "Bij het afbakenen van Frans- of Zuid Vlaanderen kan inderdaad een minimalistisch ofwel een maximalistisch standpunt worden ingenomen. In het eerste geval hecht men alleen of toch bijna uitsluitend belang aan het taalkundig criterium en beschouwt men, zoals prof. Geyl, enkel nog als behorend tot de Nederlandse stam alle volken en volksgroepen voor wie het Nederlands de moedertaal is. In deze conceptie moet men Vlaanderen in Frankryk beperken tot de nog actueel Nederlands sprekende, maar toch meer en meer verfransende Westhoek, gelegen tussen die Noordzee, de Aa(rivier) en de Leie en omvattend het arrondissement Hazebroek-Duinkerke. Frans-Vlamingen als J.M. Gantois hebben zich echter met klem tegen deze opvatting verzet. Zij betogen dat de taal weliswaar het belangrikste kenmerk is van een volk, maar dat een volksgrens nie volgens een niet-stabiele taalgrens mag getrokken worden.[10]

In deze ruimere visie zijn dan van belang de gemeenschappelijke oorsprong, aard en zeden, de gemeenschappelijke geschiedenis, het bewustzijn van etniese verbondenheid en ook wel economische en geografische factoren. De Nederlanden in Frankrijk ziet men in dat geval als een gebied dat zich uitstrekt tot aan die Zomme(rivier). Bekende hedendaagse historici als de Fransman Prof. Rob. Lafont staan op dit standpunt. In dit geschiedkundige overzicht zullen wij zelf dan ook oog hebben voor dit grote gebied."[11]

Na die ineenstorting van die Romeinse Ryk is die gebied gekoloniseer deur Frankiese en Saksiese stamme. Deur die eeue heen het die Romanisering of verfransing steeds verder Noordwaarts veld gewen. Frans-Vlaandere het dus al vroeg bestaan uit Vlaamssprekende en geromaniseerde gebiede waar Romaanse streektale gepraat is.[12]

Rysel was in die 11de eeu die hoofstad van Vlaandere en onder die Boergondiese hertoë in die vyftiende eeu was Rysel, Mechelen en daarna Brussel die hoofstad van die Boergondiese Ryk. Dwarsdeur die geskiedenis was Frans-Vlaandere die speelbal van die grootmagte van die tyd. Onder Karel V, in Vlaandere beter bekend as Keiser Karel, was Frankryk verplig om Vlaandere en Artesië af te staan in ruil vir Boergondië wat aan die Franse kroon geheg is. Maar die stryd om die gebied het verder gewoed. Eers in 1659 het die Franse koning amper die hele Artesië gekry deur die Vrede van die Pireneë. In 1662 het hy Duinkerke van die Engelse afgekoop. Eers in 1713, deur die vrede van Utrecht, het Lodewyk XIV definitief besit verkry van Frans-Vlaandere. Maar toe was die Hugenote uit Frans-Vlaandere al 25 jaar in Suid-Afrika … [13]

5. VLUGROETES VAN DIE VLAAMSE HUGENOTE

Vir die Hugenote uit Frans-Vlaandere het veral twee vlugroetes oopgestaan: Engeland en Noord-Nederland. Die roete oor die kanaal na die Engelse hawens was ’n drukgebruikte handelsweg.

Bonen (Boulogne), Kales (Calais) en Duinkerke se hawens was veral op Engeland gerig en die gebied was eeuelank onder Engelse besetting.

Duinkerke was ’n berugte seerower- of kapersnes en ’n bloeiende smokkelhandel het daartoe bygedra dat Hugenotevlugtelinge betreklik maklik teen betaling in die geheim die oortog kon maak mits hulle bereid was om die risiko’s te loop. Die meeste Hugenote wat na Engeland gevlug het, het in Dover, Rye, Southampton en Plymouth geland, vanwaar hulle dan verder na Londen, Canterbury, Norwich en ander plekke getrek het. In Norwich word nog dikwels studiedae gereël in verband met die Protestantse vlugtelinge uit Suid-Vlaandere.

Die Hugenote wat na Noord-Nederland wou gaan, het twee moontlike roetes kon volg. Hulle kon of per skip na Rotterdam of enige ander kleiner vissershawe gaan,[14] of die pad oor land deur Vlaandere volg. Laasgenoemde roete[15] was nie sonder gevare nie aangesien Vlaandere toe onder katoliek Spaanse gesag gestaan het, maar in baie dorpe en stede was daar nog aanhangers van die nuwe geloof wat bereid was om hul geloofsbroeders onderdak of ander hulp te verskaf op hul roete na die Noorde.

Holland het die Hugenote met oop arms ontvang. Hulle het heelwat voorregte ontvang en in baie dorpe en stede was hulle selfs vrygestel van belastings en heffings. Daar is soms kollektes gehou om die vlugtelinge se nood te lenig. Ambagsmanne wat as meesters bekwaam het, kon by die gildes aansluit of as hulle die fooie nie wou betaal nie, buite die gildes hul ambag uitoefen. Handelaars en ondernemers kon ’n kontrak met die owerheid aangaan om voorskotte te kry waarmee hulle grondstowwe kon koop vir hul bedryf of onderneming. Die Hugenote het soos alle immigrante onderlinge kontak opgesoek en waar voldoende Franssprekende vlugtelinge gevestig was, het hulle eie gemeentes met eie predikante gestig.

Daar was in Engeland en in Noord-Nederland reeds op baie plekke gevestigde “Waalse” d.i. Franstalige gemeentes. Sommiges hiervan was in 1688 reeds meer as honderd jaar oud. Hulle het die rol van opvangplekke vervul en soos ’n anker vir die nuwe vlugtelinge gelyk te midde van die vreemde milieu waarin hulle ’n nuwe bestaan moes opbou.

6. VANWAAR UIT FRANS-VLAANDERE

Een derde van die Kaapse Hugenote het uit Frans-Vlaandere gekom. Die geskiedenis van die plekke waar hulle vandaan gekom het, gee ’n aanduiding van hoe Vlaams die gebied eertyds was en hoe die verfransingsproses verloop het. ’n Kaart van hul herkoms dui duidelik drie streke aan: die huidige

Vlaandere, die Ryselse streek en die gebied rondom Kales (Calais). Van die 20 plekname is daar 8 wat vandag nog in Vlaams-België gelee is, naamlik Nazareth in Oos-Vlaandere, Ath, Gent, Doornik, Moorsele, Nederbrakel in Oos-Vlaandere en Kortyk en Moeskroen in Wes-Vlaandere. Dan is daar nog St Blasius-Boekel in die Zwalmgebied tussen Oudenaarde en Ronse in Oos-Vlaandere, waar tot vandag nog ’n gereformeerde gemeente in Maria-Horebeke gevestig is, maar wat van St Blaise in Frans-Vlaandere? Uiteindelik het ek toevallig die plekkie gekry op ’n gedeeltelike afdruk van ’n kaart in die tydskrif “Zannekin”. St Blaise lê Noord van Wynen (Guines/Gizene), net buitekant die stadsgrense.[16]

Uit die huidige “Vlaams” Vlaandere kom 23 van die 85 Hugenote[17] uit Suid-Vlaandere. Dat hierdie mense Vlaamssprekend was, kan niemand ontken nie al het hulle ook waarskynlik Frans geken.

Uit die streek rond Kales, naamlik Kales (5), Mark (12), Wynen (Guines) (13), St Blaise (3), Oudekerke (5) Sombrie (1) en Winnoksbergen ook bekend as Bergen (1) het daar 40 Suid-Vlaamse Hugenote gekom.

Van Rysel en omgewing, naamlik Rysel (6), Steenwerck (4), Vloerbeek (Fleurbaix) (4), Armentieres (1) en Sint Omaars (2) het 17 Vlaamse Hugenote gekom.

Van Amiens (2) aan die Sommerivier, en St Amands (3) aan die Skarperivier het nog vyf ander Hugenote gekom.

Dit is duidelik dat die groep, afkomstig uit dieselfde streek, mekaar geken het, waarskynlik deur hul kerkverband. Die saamhorigheid het seker ook bygedra om hulle te laat besluit om na die Kaap te kom.

Al hierdie dorpe en stede lê in ’n gebied wat tot die historiese Vlaandere en later die Boergondiese Ryk behoort het. Dit het net “Frans” geword as gevolg van oorlog en besetting. Hier volg die besonderhede:[18]

AMIENS: die ou hoofstad van Pikardië. Van 1419 tot 1467 deel van die Boergondiese Ryk onder Karel die Goede. Aan die Sommerivier geleë en die mees suidelike stad van die historiese Vlaandere.

BETUUN: vandag Bethune. ’n Stad in Artesië met ’n pragtige belfort. Hierdie belforte is eie aan Vlaamse stedebou en argitektuur.

VLOERBEEK: die Franse Fleurbaix. Aan die regteroewer van die Leie, stroomopwaarts na Armentiers, in die ou “vryleen” ook “pays de l’alleu” genoem. Hierdie gebied lê in Flandre Gallicante, waar Pikardies gepraat word maar met sterk Vlaamstalige eilande binne die Pikardiese taalgebied volgens Gantois.

KALES: nou Calais. Die naam verwys na die kaal duine.



Ou kaart van die ommuurde Calais beskerm deur die klein Risban-fortjie, met die getyhawe en smal uitvloei deur die kaal duine na die see

Industrie: veral kant en tulle. Van 1347 tot 1558 in die besit van die Engelse. Daarna deur die Franse verower. Tot aan die einde van die Middeleeue was die stad nog Vlaamssprekend. Elke jaar is daar nog ’n optog in die stad tydens die karnival, waarin die “reus” Jan in die beste Vlaamse tradisie opstap; in die volksboekles word vertel dat Reus Jan orals veilig in die wêreld kon reis danksy sy kennis van Vlaams …[19]

MARK: Oos van Kales. 4 000 inwoners. Vandag nog het die dorp se naam in Frans bewaar gebly as “Marck”. Dis seker genoegsame bewys vir die Vlaamse karakter van die dorp in die verlede. Daar is egter ook ’n Pont à Marcq S.O. van Rysel aan de Marcq (Mark)rivier. En op dieselfde Marke of Marcqrivier lê ook Marcq en Baroeul, die grootste van die drie genoemde dorpe. Tog glo ons dat Mark by Kales die plek is waarna verwys word omdat dit in samehang met Wynen vermeld word. Aldrie dorpe lê in histories Vlaamse gebied.

GIZENE/WYNEN: nou Guines. In die Kalesgebied. Die vlakte daar rond staan bekend as die “Camp du drap d’or” of die kamp van die goue tentdoek waar Frans I van Frankryk met Hendrik III van Engeland ’n verdrag geteken het teen Karel V. Ons gee ook die Vlaamse benaming WYNEN soos vermeld in Gantois se lys van Vlaamse plekname alhoewel ook dikwels die benaming GIZENE gebruik word.

SOMBRIE: lê wes van Wynen/Gizene. Daar is ook ’n LOMBRIE noord van Rysel.

OUDEKERKE: by Kales. Ook hierdie Vlaamse naam verskyn op die oudste kaarte en word tot vandag toe nog gebruik. Die dorpie is Suid-Oos van Wynen/Gizene geleë.

PIKARDIE: ’n gebied waar die Pikardiese dialek (nie Frans nie) gepraat word maar wat beslis dwarsdeur die geskiedenis op Vlaandere gerig was. Dit het eers in 1477 definitief die besit van die Franse koning geword.[20]

[Voorbeeld van Pikardies; let op die volop gebruik van die voornaamwoord *my* (*min, mi, min*), wat afwyk van Frans en die Vlaamse/Nederlandse/Afrikaanse patroon volg:

Pikardies:	**J'ai prins min louchet**	**por mi aler fouir min gardin.**
Afrikaans:	Ek het my graaf geneem	sodat ek [kon] gaan omspit my tuin. > Ek het my graaf geneem sodat ek my tuin [kon] gaan omspit.
Frans:	*J'ai pris ma bêche pour aller bêcher mon jardin.*	
Engels:	*I took my spade to go dig my garden*.	

Helena Liebenberg, Taaloord]

RYSEL: Hoofstad van Frans-Vlaandere. Die uitgang *-sel* getuig van sy Germaanse oorsprong. Residensiestad van die grawe van Vlaandere en die Boergondiese hertoë. In 1668 deur die vrede van Aken aan die Franse koning afgestaan.[21]

ST AMANDS: aan die Skarperivier (St Armands les Eaux). In die streek van Rysel. Die stadjie beskik ook oor ’n beiaard of klokkespel met ’n opgeleide beiaardier. Sedert 1854 word daar jaarliks ’n beiaardfees ingerig met drie kunstenaars uit Noord-Nederland, drie uit Suid-Nederland of Vlaandere en drie uit die Suidelikste Nederlande of Frans-Vlaandere. Ongeveer een derde van die totale pottebakkersproduksie van Frankryk kom van St Amands en Oorschie of Ourchie in Frans. [22]

ST OMAARS: Nou Saint Omer. Hierdie pragtige stad is in Vlaamse Artesië geleë aan die oewer van die Aarivier. Die gebied is eers in 1678 deur die verdrag van Nymegen aan die Franse koning oorgemaak.

STEENWERK: Franse Larousse-ensiklopedie vermeld hierdie dorpie glad nie. Ons het vermoed dat dit in die omgewing van Rysel geleë was maar atlasse het ook nie gehelp nie. Uiteindelik het ons die plekke gekry in ’n boek met ou kaarte van Vlaandere: dis 4.5 myl N.W. van Rysel en 1.5 myl van Armentières. Op die kaart kan mens sien dat die dorp omring is van ander Vlaamstalige dorpe soos Nieukerke, Soeterstede, Niepkerk, Straetzele, ens.

Dis duidelik uit die oorspronklike Vlaamse plekname wat soms tot vandag bewaar gebly het, dat dit dus verkeerd is om die Hugenote wat uit hierdie streek kom “Frans” te noem. Al die Afrikaners aan die Kaap het nie skielik Engelse geword toe die Engelse die Kaap oorgeneem het nie. Hugenote van daardie gebied word vandag in Suid-Afrika dikwels “Franse” genoem al was hul land nie eens deur Frankryk finaal ingelyf toe hulle dit verlaat het nie.

Aa-rivier in St Omaars

Die enigste “Frans” van een derde van die Kaapse Hugenote was die feit dat hulle Frans geken het en Pikardies gepraat het. Daar was seker ’n groot aantal wat Vlaams gepraat het soos byvoorbeeld diegene wat uit die huidige Vlaandere gekom het.

Maar alle Franssprekendes is nie Frans nie. So byvoorbeeld die Wale in België of die Franstalige Switsers. Alle Engelssprekendes is ook nie Engelse nie, vra dit maar vir die Skotte en Wallisers en Ierе. So ook was die Hugenote uit Frans-Vlaandere nie Frans nie want selfs Franse historici beskou die gebied waarvandaan hulle gekom het as Vlaandere. Vra maar vir iemand wat van Rysel of Duinkerke kom en hy sal jou dadelik sê: “Je suis Flamand” d.i. “Ek is ’n Vlaming”.

Dit het niks met separatisme te doen nie en niemand dink nog daaraan om Frans-Vlaandere los te maak van Frankryk nie. En die Hugenote was seker geen politieke aktiviste soos Baske of Ierе nie. Vir hulle was hul Gereformeerde geloof meer werd as die naam van wisselende besettingsmagte. Hulle was bereid om orals in die wêreld te gaan as hulle maar hul geloof in vrede kon uitleef.

Hulle was Hugenote uit Suid-Vlaandere, deel van die Suiderlike Nederlande.

7. “KAAPSE HUGENOTE”

Ondertussen het die verversingspos aan die Kaap ’n permanente karakter gekry deur die vestiging van die Vryburgers wat sedert 1657 die reg verkry het om op eie risiko en vir eie rekening te boer of handel te dryf.

Hierdie ontwikkeling was strydig met die oorspronklike bedoeling van die Here XVII wat die Kaap wou gebruik as ’n verversingstasie vir die skepe op pad na Batavia en ook as ’n toevlugsoord vir die skepe in geval van ’n oorlog. Aan die Kaap sou die skepe ’n veilige skuilplek vind onder die beskerming van die kanonne van die fort.

Dit was veral goewerneur Simon van der Stel wat die moontlikhede van die Kaap besef het.[23] Ondanks ’n ongunstige verslag van Kommissaris Van Rheede het hy in sy briewe aan die Here XVII aangedring op meer koloniste om dit in “een van die vrugbaarste plekke in die wêreld” te omskep. Daar was reeds pogings in die rigting aangewend deur byvoorbeeld vrouens en veral weesmeisies na die Kaap te bring maar die plan het in duie gestoot. Ondertussen het die onderhoudskoste van die garnisoen aan die Kaap steeds verder gestyg.

Op aandrang van Simon van der Stel het die Here XVII op 3 Oktober 1685 besluit om “tot voortsettinge van den landbouw aldaer, waer toe de apparentien sich van tijdt tot tijdt meer favorabel comen op te doen, en de Comp. in de swaere lasten van ’t guarnisoen wat te soulageren, mitsgaders voor te wesen dat men ‘t selve niet sal behoeven jaerlijcks van rijs te provideren, meerder aantal Coloniers derwaerts te geschicken” en verder ook “dat men onder de voors: Coloniers mede sal mogen nemen Fransche vluchtelingen … voornaementlijck … eenige wingaerdiniers en die haer op het maecken van asijn en het distileren van Brandewijn verstaen”.[24]

Soos reeds vermeld was die stuur van “48 dochters off meijden en daer onder wel bijsonderlijck soodanighe die haer op het bouwwerck (landbouw) verstaen off daerin opgevoeth sijn” geen sukses nie. Net ’n paar het gekom.

Twee jaar het verbygegaan maar net ’n geringe aantal families het na die Kaap gekom. In Oktober 1687 het ’n komitee van die V.O.I.C. besluit om saam met die Hugenote ook “uytgewecken piemontoisen off dalluyden, onse geloofsverwanten[25] in te sluit. Die piemontoisen of dalluyden was oorblyfsels van die eertydse Waldense maar hulle het op die laaste oomblik kop uitgetrek. Hugenote kon die eed van trou in Frans aflê en het ’n Franse kontrak gekry. Soos die Vryburgers sou elkeen soveel grond kry as wat hy kon bewerk en daarby ook gereedskap en vee teen ’n vasgestelde prys, terugbetaalbaar met koring of ander produkte. Die kontrak was vir vyf jaar in teenstelling met “coloniste” uit Nederland wat vir vyftien jaar moes teken. Na verstryking van die kontrak was vrye terugvaart verkrygbaar. Op die oog af het die kontrak aantreklik gelyk. Later sou egter blyk dat die werklikheid nie so rooskleurig was nie.[26]

Nou is na vrywilligers gesoek. Van die 60 000 Hugenote in Nederland was daar net ongeveer 150 wat bereid was om die kans te waag en slegs nadat hulle die versekering gekry het dat ’n Franssprekende predikant sou saamgaan.

Dit sou ’n lang reis word, vol gevare en ontberings en vir baie hul laaste reis.

8 VLAAMSE HUGENOTE WORD AFRIKANERS

Uiteindelik het volgens C.G. Botha 164 Hugenote waarvan die herkoms bekend is, tussen 1688 en 1700 aan die Kaap geland. Daarvan het 30 uit Pikardië gekom en 28 uit Vlaandere. Botha het tereg ook Artesië by Vlaandere ingesluit. Dit gee ’n totaal – volgens Botha – van 58 Hugenote wat uit die historiese Vlaandere gekom het of 35.3%. Hiermee kry die mite van die “Franse” Hugenote ’n flinke duik.

In die jongste boek oor die Hugenote van Pieter Coertzen verskyn ’n vollediger lys van Hugenote wat na die Kaap gekom het. Hier word 280 name vermeld. Van 16 is die herkoms onbekend. Dit laat 264 name oor waarvan 39 uit Pikardië kom en 51 uit Vlaandere of Flandre soos hy dit stel. Dus 90 Hugenote uit die historiese Vlaandere op ’n totaal van 264 oftewel 34%. Die verhouding bly dus prakties dieselfde: EEN DERDE VAN DIE HUGENOTE HET GEKOM UIT WAT ONS VANDAG DIE SUIDELIKSTE NEDERLANDE OF FRANS-VLAANDERE NOEM.

Bernard Lugan se boek oor die Hugenote dra die titel *Hugenots et Francais*. Van een derde van hulle kan ons baie duidelik sê: “Huguenots et Flamands”.[27]
Baie van die vanne het verdwyn. Dit geld in die eerste plek vir die alleenstaande meisies en vroue onder hulle. Daar het ook ’n aantal Hugenote na afloop van hul kontrak na Europa teruggekeer, sommige nog eerder op eie koste. En daar was ook diegene wat ongetroud gesterf het. Maar die volgende stamvaders van Afrikanergeslagte kom van Frans-Vlaandere:

BASTIAANSE, BUYS, De HAAS, DELPORT, DU PREEZ, DU TOIT, JACOBS, DE KLERK, MOUTON, NORTJE.

Die volgende het geen nageslag nagelaat nie, maar hulle was wel pioniers wat daartoe bygedra het dat die Kaap ontwikkel het:

BISSUEX, DROUIN, D’ATIS, DUMON(T), HANSERET, MANIER, MARTIN, MEZEL, POTIER, ROGIER, WIBAUT.

Dit sou egter onvergeeflik wees – veral in hierdie tyd van vroueregte en feminisme – om die stammoeders en hul bydrae te vergeet. Hulle het net so swaar gekry as hul mans en moes daarby nog die kinders grootmaak. Omdat daar so min vrouens aan die Kaap was, is hul aandeel in die ontstaan van die Afrikanernasie des te belangriker.

Vrouens dra ook hul erflike faktore oor aan die kinders net soos mans. Wie sal dit betwyfel dat moeders dikwels ’n groter aandeel het in die vorming van hul kinders as die vaders? Hulle is die “wagters by die haard” wat hul lewenswyse en lewensuitkyk, hul gewoontes en tradisies aan hul kinders oordra.

Hulle het seker die Kaap ’n meer leefbare plek gemaak en sonder hulle kon die gemeenskap aan die Kaap nie ontwikkel het tot ’n volk nie. As ons kyk na

die lys van stammoeders uit Frans-Vlaandere besef ons eers watter invloed daar van hierdie mense uitgegaan het, en watter geweldige nageslag hulle nagelaat het:

NAAM	**STAMMOEDER**
BEVERNAGE Franxina:	MOUTON
+ Jacques MOUTON	
CARDY Antoinette:	DE KLERK
+ A. DE KLERK	
COSTEUX, Suzanna	MEYER
+ Gerrit Hendrik MEYER	

Haar dogter, Suzanna Margareta trou met Jan Mynder Cruywagen en word stammoeder van die CRUYWAGENs. ’n Ander dogter, Elzabe, trou met Hendrik Gildenhuysen en word stammoeder van die GELDENHUYSgeslag.

DE CLERCQ Jeanne	GOUWS
+ Andre GAUCHER	
+ Peter BEKKER	BEKKER
DE GRAVE Marie	LE FEVRE

Haar dogter Martha trou met Jacques PINARD en word die tweede stammoeder van die PIENAARs PIENAAR

Sy trou ’n tweede keer met Etienne TERREBLANCHE en word stammoeder van TERBLANCHE TERBLANCHE

’n Ander dogter, Maria Catherina, is die stammoeder van ook twee families

+ Gabriel LE ROUX	LE ROUX
+ Franz HAARHOFF	HAARHOFF

Die derde dogter, Catharina, trou met

+ Abraham EVERTS	EVERTS
+ Christof SMIT	
DE HAAS Marie dogter van Guilaume	LE ROUX
+ Jean LE ROUX	
DE LANDY Marie	LECRIVENT
+ Arie LECRIVANT	
Dit word in Afrikaans LEKKERWYN	
+ Hans Heinr. HATTINGH	HATTINGH

DE PERONNE Maria Magdalena.

Dogter van Louis DE PERONNE en Maria le Fevre. Trou met Jacob MOSTERT en daarna met Cornelis BRITS. Baie nakomeling. Geen stammoeder nie.

DES PREEZ Marie Jeanne THERON
+ Jacques THERON

DES PREEZ Jacquemine VIVIERS
+ Abraham VIVIERS

DE RUELLE Esther BRUWER
Grootvader David en vader Daniel het net dogters gehad.
+ Estienne BRUÉRE

DE RUELLE Anne MARAIS
+ Charles MARAIS

DE SAVOY Marguerite Therese SNYMAN
+ Christoffel SNYMAN
+ Henning VILJOEN VILJOEN

DE VOS Suzanna JACOBS
+ Pierre JACOBS

JACOBS Suzanna VAN VUUREN
+ Gerrit VAN VUUREN

JACOBS Sara BUYS
+ Jean DE BUYS

MOUTON, Marie JOOSTE
+ Frans JOOSTE

MOUTON Magdalena DE KLERK
+ Abraham de Clerq

Sy is die stammoeder in Suid-Afrika. Carnoy was die stammoeder in Nederland.

MOUTON Margaretha NORTJE
+ Jacques NORTIER

MOUY Marie RETIEF
+ Frans RETIEF

MOUY Jeanne LE ROUX
+ Jean LE ROUX
Derde tak van die le Roux familie.

PREVOST, Elizabeth GOBRECHTS
+ Philippe du Preez
+ Christiaan GOBRECHTS

PREVOST, Anne + Schalk van der Merwe

Geen stammoeder nie.

VITOUT Sara DELPORT
+ Jacob DELPORTE

Ten slotte wil ons nog een aspek beklemtoon: die feit dat baie van die Hugenote uit Frans-Vlaandere Vlaamstalig of Vlaamskundig was, het beslis daartoe bygedra dat hul aanpassing in die nuwe omgewing vlotter verloop het. Hulle kan gesien word as die brugbouers tussen die Franstalige Hugenote en die Nederlandssprekende nedersetters aangesien baie Frans-Vlaamse Hugenote tweetalig was. Die geskiedenis van De Savoye is hiervan 'n sprekende voorbeeld.[28]

Ons meen verder dat die baie ander "karaktertrekke" wat so dikwels aan die Hugenote toegeken word, aan hulle eerder toegedig as toegeskryf moet word. Na byna driehonderd jaar kan hiervan seker nie baie oorgebly het nie. Dit kan egter nie betwyfel word nie dat die Hugenote 'n belangrike faktor was in die kwantitatiewe en kwalitatiewe opbou van die Afrikanervolk.

AANTEKENINGE

1. Guy Heraud gee in sy *l'Europe des Ethnies* 'n repertorium van die organisasies en publikasies van die verskillende minderhede in die huidige Frankryk. Raadpleeg verder ook: Jacqueline Cocquereaux: *Volken en Talen in Beweging*. Leuven, Davidsfonds.

   Joris-Max Gheerlinck som in sy studie *Les Pays de Rèsistance au Jacobinisme* die situasie van die volksgroepe in Frankryk pragtig op wanneer hy skryf oor: die ring van grondgebiede versprei langs die grense van die (Franse) heksagoon: die Franse Nederlande, Normandië, Bretagne, Vandèe, Gascogne, Languedoc, Provence, Savoie, Elzas, Lorraine – om nie van die Korsikane en Baske te praat nie – almal verskillend in hul etniese samestelling en hul historiese tradisies maar ewe gelyk in hul weerstand teen die sentraliserende assimilasie. Gheerlinck is die skuilnaam van J.M. Gantois.

2. Dit lyk asof die Franse Rewolusie eers onlangs objektief benader kon word. Daar was tradisioneel twee rigtings: die Jacobynse skool wat die Rewolusie opgehemel het as die koms van vryheid en demokrasie en wat veral sedert 1950 onder invloed van Marxistiese historici as die oorwinning van die proletariaat voorgestel is. Daarteenoor het die anti-rewolusionêre skool veral die gruweldade en die genoside

[groepsmoord] van Vandeë, die ateïstiese vernietiging van die moraal en sedes en die kontra-rewolusie in die provinsies beklemtoon. Pas onlangs met die nadering van die tweehonderdjarige herdenking in 1989 het ’n aantal Marxistiese historici, ontnugter omdat die Marxistiese teorie van die materialistiese determinisme nie die historiese werklikheid kon verklaar nie, ’n meer gebalanseerde kyk op die Franse Rewolusie gegee. Sien byvoorbeeld Jacques Solé: *La Révolution en questions*. Parys, Le Seuil e.a.

3. Gheerland, op.cit., gee ’n magdom verwysings na Franse outeurs oor die onderwerp. Lees ook Leo Camerlinck se bydrae in Zannekin, jaarboek 8, 1986.

4. Gheerland, op cit. en Camerlinck.

5. Hoofsetel van die kerklike bisdom Noyon wat onderkant die bisdom Kameryk geleë was. In 1557 na die oorwinning van die Spaans-Nederlandse magte oor die troepe van die Franse koning by Sint Kwinten (Saint Quentin) het Noyon, Roye en Chauny in die hande van die Spanjaarde geval en het die weg na Parys oop gelê. ’n Jaar later het die leër van die Vlaamse graaf Egmont die Franse nog ’n neerlaag toegedien. Die haat van die Artesiese en Vlaamse plattelandse bewoners teen die Franse invallers was so groot dat drie dae lank jag gemaak is op die Franse vlugtelinge wat sonder genade afgeslag is.
(Deur Despriet aangehaal uit G. Dupas: *Histoire de Gravelines*. Duinkerke, 1981).

6. Al sy biograwe beklemtoon sy Pikardiese afkoms. Cfr. o.a. A.M. Schmidt en J. Chartrou-Charbonnel. Calvyn was trouens nie die enigste Pikardiese hervormer nie. Lefevre d’Etaples, Olivetan, Roussel, Vatable was ook afkomstig uit Pikardië. Sy asketiese vorming in die Collège de Montaigu was gegrond op die reëls van Jan Standonck, ’n Vlaming.

7. Die vader van Michiel de Swaen (20 Jan. 1654 - 3 Mei 1707), Vlaamse digter en toneelskrywer en heelmeester, was afkomstig van Cambrai. Michiel de Swaen, soms die “Swaen van Kameryk” genoem, was beroemd as die grootste Vlaamse rederyker van sy tyd.
Die graaf van Egmont het heerlikhede in Cambresis besit en die stad het die kant van Willem van Egmont gekies tydens die opstand teen Spanje. Die stad is eers in 1677 finaal aan die Franse kroon geheg. Die volkstaal is Pikardies, ’n Romaanse dialek deurspek met Vlaamse woorde en wendinge.

   Sien: J.M. Gantois: *De Zuidelikste Nederlanden*, p. 139 e.v.

8. Egmont het eers in diens van die Spaanse koning Filips II gestaan en roem behaal onder andere in die slag by Grevelingen. Filips II het hom Stadhouer en lid van die Raad van State benoem en hom aan die hoof van die Spaanse soldate in die Nederlande aangestel. Weens sy

verset teen die Spaanse Goewerneur, Granvelle, is hy deur Alva gevange geneem in 1567 en die jaar daarop te Brussel onthoof.

9. Vlaandere is inderdaad die enigste land in die wêreld waar die pous steeds verbind word aan sy verblyfplek: die pous van Rome.

10. Prof. dr. Marius Valkhoff, Rektor Magnificus van die Universiteit van Amsterdam het in ’n merkwaardige rede die “Geschiedenis en actualiteit der Frans-Nederlandse taalgrens” belig. Hierin behandel hy die verskuiwing van die taalgrens in die algemeen maar ook die romanisering van ’n deel van Frans-Vlaandere.

11. L. Machu stel dit lakoniek: “Il existe une Flandre Francaise” (in *Visages de la Flandre et de l’Artois*. Paris, Horizons de France, 1949, p.48). En hy gaan verder: “la notion de Flandre apparait bien plus imprècise … on y parle deux langues et le dialecte germanique ne saurait à lui seul caractèriser la contrèe dont il porte le nom … les fluctuations politiques … ont engendré un frontiére purement artificielle qui n’est pas frontiée linguistique”. p. 47

    Dat hierdie eenheid van die historiese Vlaandere van die vroegste Middeleeue tot vandag toe nog erken word, word bewys deur die feit dat so onlangs as in Januarie 1989 die eertydse Eerste Minister van Frankryk en burgemeester van Rysel Pierre Mauroy ’n pleidooi gelewer het vir noue samewerking van die Noordelike departemente in Frankryk – dus Frans-Vlaandere – met Vlaandere en Henegoue, rondom die groeipunt Rysel. In die nuwe Europa kan die regio’s’n belangrike rol speel. Watter rol so ’n regionale samewerking op die verfransing van die gebied kan speel is dan weer ’n ander kwessie.

12. Sien: Cyriel Moeyaert: De Franse Nederlanden: Bakermat van de Nederlandse cultuur. Zannekin, jaargang 8, p. 153. Hy skryf onder andere: “Ook politiek strekten de Zuidelijkste Nederlanden zich ooit verder uit als de XVII Provinciën.” En verder: “Filips de Goede krijgt in 1435 bij het verdrag van Aken de Zommesteden Ham, Peronne, Corbie en het graafschap Bonen. In 1529, by de Damesvrede, wordt de Zomme weer de zuidergrens van de Nederlanden. En vormden de Zommesteden in de XVIIIe! (uitroepteken van ons) eeuw niet tot een tweede douanegrens voor de in het Noorden liggende “provinces réputées étrangères”?

    In dieselfde eeuw prijkt op een in Parijs gemaakte kaart van de XVII Provincies, “dites le Pays Bas” (1742) naby de Zomme “Frontière de France” (grens van Frankryk).

13. Cfr. Ph. Despriet: *Geschiedenis van Frans-Vlaanderen*. Die boek bevat ’n aantal oorsigtelike kaarte.

14. Soos byvoorbeeld Daniel des Ruelles van Wynen (naby Kales) waarvan ons weet dat sy seun te Zierickzee oorlede is. Zierickzee is op

die eiland Schouwen geleë en dis duidelik dat hy daar per skip aangeland het. Sy vrou en een van sy dogters het daarna tydens die reis na die Kaap op die skip gesterf.

Dit is maar net ’n voorbeeld van die tragedies wat die Hugenotevlugtelinge moes deurmaak.

15. Waarskynlike roete gevolg deur die DES PRES familie: van Bethune/Rysel na Kortryk en van daar na Middelburg waar hulle ingeskeep het op die “Schelde”.

16. Nl. in Zannekin jaargang 10 bl. 8 by ’n bydrae oor die Oud- en Middelnederlandse letterkunde in die graafskap Gezene (Wynen, Guines), sonder verdere besonderhede oor die herkoms van die kaart.

17. Volgens die lys van Pieter Coertzen se boek: *Die Hugenote van Suid-Afrika, 1688-1988*.

18. J.M. Gantois op. cit. gee ’n lys van die oorspronklike Vlaamse name van huidige dorpe en stede in Frans-Vlaandere. cfr. p. 17: *Zuid Vlaamse Plaatsnamen*.

19. Sien Gantois op. cit. p. 183 en 186-7.

20. Cfr. *Gids voor Picardie* van Luc Glorieux/ Gilbert Depamelaere.

21. Lees daaroor in Gantois op. cit. p. 51-74.

22. Sien Gantois op. cit. p. 191 e.v.

23. Cfr. P. Coertzen op.cit. p. 68.

24. Cfr. C.G. Botha: *Die Kaapse Hugenote*, p. 151. Dis interessant dat W.A. van der Stel ook probeer het om ’n sybedryf aan die Kaap te begin. In 1701 skryf hy aan die Here XVII dat die moerbeibome wat die sywurms moes voed goed aangepas het by die seisoensveranderinge en dus hul blare verloor op die regte tyd vir die suidelike halfrond. Maar die sywurms het nie aangepas by die verandering van klimaat nie en almal het gevrek. Daar was trouens niemand aan die Kaapa wat iets van sywurmteelt verstaan het nie.

    (Cfr. Pieter Coertzen p. 115) Dit laat mens onwillekeurig dink aan Daleen Matthee se boek, *Moerbeibos*.

25. Cfr. C.G. Botha op. cit. p. 152

26. ’n Aantal het gladnie land gekry nie. Byvoorbeeld Jean de Buis wat kla: “ik heb niet een voet land van de Ed. Compagnie genoten … en ’t geen ik thans met mijn vrouw en vijf kinderen besit, ben ik van de Weeskamer gekogt en op kosten van mijn sweet betaalt.”

Ook Jacob Nortier kla: “nooyt heb ik een stuk lands konnen erwerven.”

Abraham Bleuset het geen land of vee gekry nie. Aldrie moes by ander boere in diens tree. (Franken: *Die Hugenote aan die Kaap*, p. 11).

Selfs Van der Stel moes toegee dat die grond wat uitgedeel is aan die Hugenote “nie bestaan het uit kreupelbosch, struiken en heijlanden [weijlanden?] maar uit klippen, rotsen, zeekoeigaten en dergelyke”. (Franken op. cit. p. 18).

Die Compagnie het hom ook skuldig gemaak aan woekerhandel. So moes Jean de Buis vir 4 beeste ƒ96 aan die Comp. betaal, wat vir dieselfde beeste net ƒ24 betaal het! Dis ’n woekerwins van 300%. Franken gee op pp. 19 en 14 lyste van goedere met die aankoop- en verkooppryse. Die winste is vir baie artikels net so hoog.

27. Lugan laat by baie name gerieflikheidshalwe die plek van herkoms weg of dui dit met ’n vraagteken aan.

28. Lees in Franken op. cit. die relaas van die rusie tussen De Savoye en ds. Simons. Hy het byvoorbeeld by die Stellenbosche gemeente aangesluit en nie by die Fransprekende gemeente van Pierre Simond nie.

LYS VAN DIE HUGENOTE AAN DIE KAAP AFKOMSTIG UIT DIE HISTORIESE VLAANDERE

Ons het die ou Nederlandse plekname gebruik wat in later jare in Frans vertaal is. Die Nederlandse plekname is deurgaans ouer as die Franse vertaling. Dis ’n goeie aanduiding van die oorspronklike Vlaamse karakter van die gebied.

ALBERT Suzanna — Mark/Kales — 1691

Trou te Wynen op 13 November 1672 met Essaye Caucheteux werksman, 25 jaar oud, seun van wyle Anthoine Caucheteux en Elizabeth Clinqueur (sy is te Mark oorlede op 14 Junie 1672 en was toe 69 jaar oud). Suzanna was toe 22 jaar oud en die dogter van Albert Pitre en wyle Noëlle de Buis.

BASTIAANSE Frans — Armentiers — ?

Getroud op 19 Mei 1686 met Anne Marie de Leeuw, waarskynlik ’n weeskind. Naby die Paarl gevestig.

BELUSE Abraham Kales 1688

1665-1735. In 1688 met die skip “De Schelde” aangekom. Landbouer. Getroud met Elizabeth Posseaux van Parys. Sy was ’n weduwee van Jacob Bisseux. In sy testament van 1735 noem hy homself Bleuset en ’n “compagnon” van Jean Manier. Sy vrou is in September 1726 oorlede en in die kerkhof te Kaapstad begrawe. Sy het blykbaar net kinders by haar eerste man gehad.

BEVERNAGIE Francina Nederbrakel/Kortryk 1700

In 1700 aan die Kaap getroud met Jacob Mouton. Gevestig op die plaas Steenwerck naby Porterville.

BEVERNAGIE Joost Nederbrakel/Kortryk 1700

Broer van Francina. Gebore omstreeks 1684. Kom in 1700 aan op die ”Helmeet” as vryman. Oorlede op 30 September 1738. Was ’n landbouer. Getroud met Anna van der Wey van die Kaap. Sy is omstreeks 1687 gebore.

BEVERNAGIE Theunis Nederbrakel/Kortryk 1700

Gebore in Nederbrakel in 1691. Blykbaar nooit getroud. Bemaak ’n legaat aan Francina en benoem Joost tot erfgenaam in sy testament van 1736. Die BERNAGIEs was ’n ou gevestigde familie in Suidwes-Vlaandere. Volgens die telling van die vuurherde (huisgeninne) van 1469 in die Wes-Ieperambacht was die pastoor van Houthem ene Zeger Bernagie.

BISSEUX Jacob Pikardie 1696

In 1696 as vryman met die “Vosmaar” aangekom. Op 11 Junie 1723 oorlede en in Kaapstad begrawe. In 1720 vermeld as bakker in Kaapstad. Eerste huwelik met Marie le Febre, tweede met Elizabeth Posseaux van Parys, gebore in 1682.

BISSEUX, Pieter Pikardie 1696

Seun van Jacob. In 1729 vermeld: “van Middelburg” maar dit was waarskynlik die plek van inskeping. Woon in Kaapstad. Trou in 1729 met Maria Coetzee weduwee van Johannes Keyts. Geen kinders nie.

BOURBONNAIS Jacob Mons/Bergen 1692

Matroos in diens van die Compagnie. In 1692 kneg van Pierre le Febre op die plaas Vlottenburg, in Stellenbosch. In 1712 vermeld as burger van Drakenstein.

CARNOY Antoinette Doornik 1688

Weduwee Philippe de Clercq, koopman van Doornik en skoonmoeder van Jacques de Savoy van Ath. Teken in 1698 ’n prokurasie ten gunste van Jean Bourla, koopman van Amsterdam.

COSTEUX Essaye Engelbertus Mark 1690

Soms “Caucheteux”. Werkman. Volgens die registers van Wynen (Guines) op 13 November 1672 op 23-jarige ouderdom getroud met Suzanne Albert, 22 jaar, dogter van Pitre Albert en wyle Noëlle de Bus (cfr Jean).

Essaye was die seun van Antoine Caucheteux en wyle Elizabeth Clinquemeur, wat te Mark oorlede is op 14 Junie 1572 op 69-jarige ouderdom.

COSTEUX Essaye Engelbertus Mark 1690

Seun van Essaye en Suzanne Albert. Gebore op 23-11-1673 te Fort Brulé. Op die 1690-lys staan hierdie Essaye en suster Suzanne aangeteken as twee wese woonagtig by Nicolaas Kleef. Trou in 1708 met Anna van Marseveen. Was landbouer in Stellenbosche distrik. In 1708 oorlede. Geen kinders nie. Volgens Pieter Coertzen as weeskind ook woonagtig by le Févre.

COSTEUX Suzanne Mark 1690

Suster van genoemde Essaye. Trou in 1693 met Gerrit Hendrik Meyer. Drie seuns en twee dogters. Gebore te Mark op 18 Oktober 1676 en oorlede te Kaapstad omstreeks 1714.

COSTEUX Pieter Mark 1690

Gebore in of by Kales in 1679. Trou op 22 Mei 1712 met Anna Gildenhuys van die Kaap, gebore in 1699 (volgens Pieter Coertzen), maar C.G. Botha dink dat dit Jean was wat met Anna Gildenhuys getrou het. Hy gaan in 1718 terug na Europa.

COSTEUX Jean Mark 1690

Gebore op 17 Desember 1682 te Mark (volgens Coertzen) maar op 7 Desember 1682 volgens Botha. (Cfr. Pieter i.n.v. Anna Gildenhuys).

d’ATIS Cecilia Kortryk 1688

Getroud met Hercule de Preez. In 1700 hertroud met Pierre Dumont. Drie seuns, drie dogters. (1650-1720).

De BUS Jean Mark 1688

Ook du Buis, de Buys. Aangekom as landbouer op die “Oosterland”. Getroud met Sara Jacobs van Calais dogter van die Hugenoot Pieter Jacobs. Waarskynlik op 6.9.1670 gebore. Twee seuns en twee dogters.

De FRANCE Marguerite Gizene/Wynen 1688

Nie vermeld deur Botha nie. Van Groot Drakenstein. Getroud met Nicolaas de Lanoy. Drie seuns en twee dogters.

De GRAVE Marie Vloerbeek 1683

Vloerbeek by Rysel. Woon op die plaas “Fleurbais” (wat in Afrikaas “Fleurbaai” geword het), naby Stellenbosch. Een seun en drie dogters. Botha vermeld geen De Grave nie.

De HAAS Guillaume Rysel 1700

Nie vermeld deur Botha nie. Gevestig te Stellenbosch. Getroud met Marie Catherine Durier. Drie seuns, agt dogters.

De LANOY Nicolaas Gizene/Wynen 1688

Getroud met Marguerite de France. Sterf kort na sy aankoms aan die Kaap. Drie seuns en twee dogters. Hierdie Nicolaas de Lanoy word nie vermeld deur Botha nie.

De LANOY Marie Gizene/Wynen 1688

Dogter van Nicolaas snr. Trou in 1692 met Ary Lecrevain of Lecrevent. Die naam is in Afrikaans verander na Lekkerwyn. Trou ’n tweede maal met Hans Heinrich Hattingh. Ses seuns en een dogter. Haar eerste kind is gedoop op 18 Januarie 1696. Die ander De Lanoy kinders het geen nageslag nagelaat nie.

De LANOY Suzanne Gizene/Wynen 1688

Ongetroud. Was in 1696 doopgetuie van Daniel Nortier se seun.

De LANOY Nicolaas Gizene/Wynen 1688

Gevestig te Boschendal, Groot Drakenstein. Verkry later ook die Goede Hoop. Getroud met Suzanna de Vos, weduwee van Pieter Jacobs, in 1698. Suzanna is in 1708 oorlede. Geen kinders nie.

Boschendal

De LANOY Matthieu Gizene/Wynen 1688

Broer van Nicolaas jnr. Ongetroud.

De LANOY Francois Gizene/Wynen 1688

Nie vermeld deur Botha nie.

DELPORTE Jacques Rysel 1699

In 1699 op die “Cattendyk” aangekom saam met sy vrou Sara Vitu of Vitout. Landbouer te Drakenstein. Hulle is in 1698 getroud, dus een jaar voor hul aankoms. Een kind is op die skip gebore. Drie seuns en drie dogters. Hy is op 9 Desember 1739 oorlede. Sara reeds in 1724.

De PERONNE Louis Nazareth 1687
Soldaat van die Compagnie. Trou op 19 Oktober 1692 met Maria le Febre, weduwee van Charles Provost en Heinrich Eckhoff. Louis is in 1696 oorlede. Die naam word ook soms De Pironne geskryf.

De SAVOY Jacques Ath 1688

Gebore in 1636. Land hier aan die Kaap met die “Oosterland” saam met sy vrou Marie Madeleine le Clercq en drie kinders. Sy skoonmoeder Antoinette Carnoy was ook saam. Hy is in 1665 eers getroud met ’n Christine du Pont en in 1688 met Madeleine le Clercq. Drie seuns en sewe dogters en tog het geen De Savoy nageslag nagelaat nie.

In Gent was hy ’n gesiene sakeman maar hy is daar – volgens sy eie verklaring – so deur die Jesuïete vervolg dat hy vir sy lewe gevrees het. Saam met hom het hy ook ’n aantal Vlaamse boere van die Gereformeerde geloof saamgeneem. In sy geselskap was die drie Nortierbroers wat as sy “domestiques” d.i. diensbodes vermeld staan. Jacques het later lid geword van die College van Landdros en Heemrade. In 1712 is hy, sy vrou en sy skoonmoeder terug na Europa. ’n Dogter, Aletta, gedoop op 17Julie 1689 trou met Pieter Meyer. Sy seun, Philippe Rudolph, op 29 Augustus 1694 gedoop, bly ongetroud en sterf in 1741. Hy was onderkoopman en keldermeester van die Compagnie.

De SAVOY Barbe-Therese Gent 1688

Getroud met Christiaan Ehlers en op 31 Januarie 1706 met Elias Kini of Quini hertroud. Drie seuns en vyf dogters.

De SAVOY Marguerite-Therese Gent 1688

Voor 1690 getroud met Christoffel Snyman en later met Henning Villion of Viljoen. Vyf seuns en agt dogters.

De SAVOY Jacques jnr. Gent 1688

Nie vermeld deur Botha nie. Geen besonderhede deur Coertzen nie.

DES PRES Hercule Kortryk 1688

Kom aan met die “Schelde”. Die naam word ook du Preez gespel. Was saam met sy vrou, Cecilia d’Atis en vier kinders. Gevestig op die plaas “De Zoete Inval”. Gebore in 1645, oorlede in 1695. In sy inventaris word ses kinders vermeld.

DES PRES Elizabeth Kortryk 1688

Was doopgetuie van Charles Prevot of Provost wat op 14 Mei 1688 op die skip “De Schelde” gedoop is. Getroud met Pieter Janszoon van Marseveen wat in 1728 oorlede is. Kinders: Anna getroud met Abraham Prevot, Cecilia getroud met Charles du Plessis en Pieter.

DE PRES Hercule jnr. Kortryk 1688

Gebore 1672, sterf 9 Mei 1721. Getroud met Marie le Febre (1651-1701). Lid van die College van Landdros en Heemrade van Stellenbosch en kaptein van die Burgerkavallerie. Trou daarna met Cornelia Villion. Hy neem aktief deel aan die protes teen Willem Adriaan van der Stel.

DES PRES Marie-Jeanne Kortryk 1688

In haar testament word sy aangedui as afkomstig van Bethune. Gevestig op “De Zoete Inval”, Paarl. In 1697 getroud met Jacques Theron (1688-1739). Vyf seuns en drie dogters.

DES PRES Francois-Jean Kortryk 1688

Gevestig op “De Zoete Inval”, Paarl. Nie vermeld deur Botha nie en miskien aan die Kaap gebore. Trou met Marie Cordier. Twee seuns.

DES PRES Jacquemine Rysel 1688

Trou met Abraham Vivier. Vier seuns, vyf dogters.

DES PRES Philippe Kortryk 1688

Coertzen gee as herkoms Bethune aan. Dis moontlik dat die familie van Bethune of Rysel afkomstig weas en lank in Kortryk gewoon het. Landbouer, in 1683 getroud met Elizabeth Prevot, gebore te Mark naby Kales. Agtereenvolgens gevestig op “De Zoete Inval”, Paarl, op Klipvallei, Wagenmakersvallei en op die plaas “Artois” by Tulbagh. Die naam “Artois” illustreer duidelik die herkoms van die familie. Sewe seuns en vier dogters.

Ligging van Artois, Vlaandere

DES RUELLES Daniel Gizene/Wynen 1688

Sy naam verskyn in die kerkregisters van Wynen van 1668 tot 1681 toe hy sy geboortedorp waarskynlik verlaat het. Daar word ook vermeld dat hy op 12 Julie 1671 met Anne Goudalle getroud is. Hy land aan die Kaap met twee dogters. Een seun is in Zierickzee oorlede en sy vrou en een dogter het waarskynlik onderweg aan die ontberings beswyk. Hy trou aan die Kaap weer

met Catherine Taboureaux, weduwee van Charles Marais wat in 1689 vermoor is. Op 3 Oktober 1726 oorlede. Was gevestig op Daljosafat.

N.B. Die van is in Vlaandere bekend as RUIEELS of RUEEL. In die reeds vermelde telling van die gesinne van die Wes-Ieperambacht in 1469 vind ons alreeds ene Loy Rueel, en ook nog die weduwee van Pieter Ruieels, en Maylin (Maria) Ruieels en kinders, woonagtig in die dorp Wijtschate, 10 km suid van Ieper.

DES RUELLES Esther Gizene/Wynen 1688

Gebore in 1672 en omstreeks 1690 getroud met Estienne Bruère. Geen kinders nie.

DES RUELLES Anne Gizene/Wynen 1688

Gebore in 1673 te Gizene en getroud met Charles Marais. Gevestig op die landgoed “De Fortuin” in die Wagenmakersvallei. Ses seuns en ses dogters.

DE VOS Suzanne Oudekerke 1688

Nie vermeld deur Botha nie. Oudekerke by Kales. Te “Boschendal” gevestig. Eers getroud met Pierre Jacob, daarna met Nicolaas de Lanoy. Een seun en twee dogters. Vyf kinders het jonk gesterf toe hulle nog in hul tuisdorp, Oudekerke, gewoon het. Haar tweede huwelik was kinderloos.

DROUIN Philippe Kales 1698

Hy het aangekom met die “Driebergen”. Was landbouer in die Stellenbosch-distrik. Daar is ’n testament van 29 September 1702 waarin Gideon Malherbe benoem word tot erfgenaam “vir sy troue vriendskap”. In 1701 op 7 Desember arriveer ’n sak met ƒ142 10s daarin wat aan hom oorhandig moes word as deel van sy vader se boedel. Aangesien hy ondertussen oorlede is word die geld uiteindelik aan Gideon Malherbe gegee.

DUMONT Pieter Kales 1696

Landbouer op Drakenstein. In 1700 getroud met Cecilia d’Atis, weduwee van Hercule des Pres snr. Cecilia is op 15 November 1720 oorlede op “Soetendal” in Drakenstein.

DURIER Marie-Catherine Rysel 1700

Getroud met en later weduwee van Guillaume de Haas van Franshoek. Een dogter trou met Jean le Roux.

DU TOIT Francois Rysel 1686

Aangekom met die skip “Vryheit”. Gevestig op die plaas “Kleinbosch” in Daljosafat. Trou op 12 Februarie 1690 te Kaapstad met Suzanne Seugnet van

Saintongue. Sterf in Oktober 1731. Hy het lid geword van die College van Landdros en Heemrade van Stellenbosch en Drakenstein. Vier seuns en vyf dogters.

DU TOIT Guillaume Rysel 1686

Broer van Francois. Kry op 3 Desember ’n vergunning van die goewerneur om wild te skiet. Gevest “aan’t pad” te Stellenbosch. Trou op 16 Mei 1688 met Sara Couchet of Cochet wat as sy verloofde ’n passaat na die Kaap gekry het. Sara is na haar man in 1714 oorlede. Guillaume was ook lid van die College van Landdros en Heemrade. Altwee broers het ’n rol gespeel in die woelige periode van Willem Adriaan van der Stel. Drie dogters.

GOUDALLE Anna Gizene/Wynen 1688

Nie vermeld deur Botha nie. Getroud met Daniel des Ruelles. Is op die skip hierheen oorlede. Sy het drie dogters gehad.

HANSERET Gerard Sint Omaars 1701

Gebore in 1652. Seun van Lyvin Hanseret en Francoise de Beauvois van Sint Omaars. Messelaar te Stellenbosch en getroud met Gabriela Waerand of Wavrant wat in 1702 oorlede is. Sy vrou en twee kinders, Jan Joseph gebore in 1684 en Maria Gabriela, gebore in 1679 bly in Europa agter. Volgens ’n testament van 1712 was nog net Maria Gabriela in lewe. Hy bemaak erflatings aan Anna Casier, ’n weduwee van Sint Omaars (300 gulde), aan Nicolaus Dannel (Daneel?), meester-messelaar te Sint Omaars, aan sy “compeer” en ook aan Omer du Bois, meester-messelaar elk ’n gelyke bedrag en ten slotte nog 70 gulde aan Jean la Mory, pottebakker. Maar hy keer uiteindelik self terug in 1718.

JACOB[S] Pieter Oudekerke 1688

Getroud met Suzanna de Vos. Kom met vrou en drie kinders (Daniel, Sara en Suzanna) aan. Gevestig op die plaas “De Goede Hoop”, Groot Drakenstein. Hy is voor 1698 oorlede en later is sy vrou weer getroud met Nicolaas de Lanoy.

JACOB[S] Suzanna Oudekerke 1688

Getroud met Gerrit van Vuuren. Een seun en een dogter. Omstreeks 1696 oorlede.

JACOB[S] Sara Oudekerke 1688

Op 7 Oktober 1677 te Oudekerke naby Kales gebore. Eers getroud met Daniel Terrier, daarna in 1700 met Jean du Bus of Buys. Drie seuns en vyf dogters. Geen kinders by Terrier nie.

JACOB[S] Daniel Oudekerke 1688

Gebore op 14 September 1673. Landbouer te Drakenstein. Getroud met Louise Cordier. Twee seuns en drie dogters. Woon later op die plaas “Leeuwentuin” in die Wagenmakersvallei.

Le CLERCQ Marie-Madeleine Doornik 1688

Dogter van Philippe le Clercq en Antoinette Carnoy. Getroud met Jacques de Savoy. Land aan die Kaap met haar man en drie kinders. Die naam word later DE KLERK.

Le CLERCQ Abraham Nie vermeld nie 1688

Later De Clercq of De Klerk. Seun van Sara Cochet en Pieter de Clercq. Hy land aan die Kaap met die “Oosterlandt” as dienaar van die Compagnie. Trou op 12 Mei 1709 te Stellenbosch met Magdalena Mouton (volgens Coertzen: 1708) Gevestig op die plaas “Vogelvallei” naby Hermon. Sewe seuns en drie dogters.

Le CLERCQ Jeanne Nie vermeld nie 1688

Suster van Abraham. Trou met Andre Gaucher/Gouws en later met Peter Becker. Le Clercq word soms De Klerk/De Clercq.

Le CLERCQ Joost Nie vermeld nie 1688

Broer van Abraham. Geen verdere besonderhede nie.

Le FEVRE Marie Mark 1688

Gebore in 1651 en oorlede in 1701. Gevestig te Stellenbosch. Eerste huwelik met Charles Prevost in 1673. Tweede met Heinrich Eeckhoff in 1688. Derde met Louis de Peronne in 1692 en vierde met Hercule du Preez in 1698. Vyf seuns en vier dogters. Sy was die dogter van David Le Fevre en Elizabeth Bleu. Miskien ’n ander spelling van Bieuset, ook Biuse of Beiuse?

Le FEVRE Pieter Vloerbeek 1683

Vloerbeek is die huidige Fleurbaix. Pieter land aan die Kaap met sy vrou, Marie de Grave, en kind. In 1690 kry hy bystand vir homself, sy vrou en twee kinders. In 1700 het hy in die Kaapse distrik gewoon met sy vrou en nou drie dogters. Hy was gevestig op die plaas “Fleurbaix”, later verander na “Fleurbaai”.

[Nota: *Vloerbeek* is die Nederlandse pleknaam van *Fleurbaix* in Noord-Frankryk naby Béthune, ’n plaasgemeenskap in die Pas-de-Calais-streek in die Nord-Pas-de-Calais-streek. *Vloerbeek* is in Oudnederlands *Fluorbeki* genoem. Die Franse *Fleurbaix* word aan die Kaap dieselfde uitgespreek, maar die spelling het verander na *Fleurbaai* (die huidige plaasnaam by Stellenbosch) met ’n gevolglike betekenisverandering. – Helena Liebenberg, Taaloord]

Le FEVRE Barbe Vloerbeek 1683

Suster van Pieter. Sy is voor 1670 gebore. Gevestig op die plaas “Groszalse” in Stellenbosch. Sy is getroud met haar neef uit Groszalse in Duitsland. In 1709 trou sy met Roelof Jonas. Vyf seuns en vier dogters. Een kind uit die tweede huwelik. Waarskynlik het die ouers van haar neef of hyself uit Vloerbeek na Duitsland uitgewyk en het Barbe en haar broer(s) na Nederland gegaan.

Le FEVRE Guillaume Vloerbeek 1683

Getroud. Een seun. Geen verdere besonderhede nie.

MANIER Jean Kales 1689

Gevestig op die plaas “Calais” Daljosafat waar hy as landbouer in “maatskappy” was met Abraham Bieuset. In 1704 was hy 55 jaar oud volgens sy testament. Dus gebore in 1649.

MARTIN Anne Kales 1692

Elders word Dieppe, ’n Normandiese hawe, as plek van afkoms vermeld. Sy was getroud met Jean de Puis wat voor haar vertrek na die Kaap in Amsterdam oorlede in 1686. Kom dus as weduwee met haar twee dogters na die Kaap. Trou weer in 1693 met Salomon de Gounay.

MEZEL Jean N.O. Frankryk 1691

Ook Mysal of Mijsaal. Herkoms twyfelaftig.

MOUTON Jacques Steenwerck 1699

Het aangekom met die “Donkervliet” as wewenaar met drie dogters uit sy tweede huwelik. Die kinders uit sy eerste huwelik het in Europa agtergebly. Hy vestig hom op die plaas “Steenwerck” wat later “Steenwerp” geword het by “vier en twintig rivieren” naby Porterville in die Kaap. Sy eerste vrou was Catharine l’Hermite. Later weer getroud met Marie de Villiers en tenslotte trou hy aan die Kaap met Francina Bevernage in 1700. Hy het drie seuns en sewe dogters aan die Kaap nagelaat.

MOUTON Marie Steenwerck 1699

Kom saam met haar vader en twee susters na die Kaap. Trou in 1706 met Frans Jooste van Lippstad. Op 13 Januarie 1714 het sy en haar minnaar, die slaaf Titus van Bengalen, met die hulp van ene Fortuin haar man vermoor. Aldrie is tereggestel.

MOUTON Madeleine Steenwerck 1699

Dogter van Jacques Mouton. Trou in 1709 met Abraham de Clercq. Sewe seuns en drie dogters.

MOUTON Marguerite Steenwerck 1699

Trou in 1717 met Jacques Nortier (Nourtier). Drie seuns en twee dogters.

MOUY Pieter St Amands 1699

Hy het as vryman met sy twee dogters aangekom op die “Donkervliet”, saam met die Moutons. Vestig hom op “Krakeelhoek” in die Wagenmakersvallei as landbouer. Oorlede op 31 Julie 1735.

MOUY Marie St Amands 1699

Gebore in 1683, trou sy in 1700 met Frans Retief. Vyf seuns en vier dogters.

MOUY Jeanne St Amands 1699

Trou in 1703 met Jean le Roux en in 1712 met Philippe Minnaar (Mesnard). Sy het sewe seuns en vyf dogters gehad.

NORTIER Daniel St Blasius 1688

Die dokumentasie vermeld St Blasius “by Guines”. Daar is ’n dorp met die naam naby Wynen/Gizene (Guines in Frans). Uitgekom as timmerman in diens van die Compagnie met die “Oosterlandt” en in 1687 getroud met Maria Vitout. Maria het na sy dood hertrou met Matthys Michiels. Vier seuns en een dogter. Hulle was heel waarskynlik Vlaamssprekend of tweetalig.

NORTIER Jacob St Blasius 1688

Landbouer. Land met die “Oosterland”. Oorlede op 20 September 1732. “Domestique” van Jacques de Savoy. Trou op 8 Augustus 1717 met Marguerite Mouton. Drie seuns, twee dogters. Volgens Dom. A. Smits: *Betrekkingen tussen Vlaanderen en Zuid-Afrika*, sou Jacob die seun van Daniel wees.

NORTIER Jean St Blasius 1688

Ongetroud. Woon op “Fredericksburg” Drakenstein. Aldrie Nortiers het as “domestiques” van Jacques de Savoy uitgekom.

PORTIER Jacques Moeskroen 1699

As soldaat van die Compagnie aangekom op die skip “Westhoven” en in 1704 burger geword nadat sy kontrak verstryk het. Gevestig op Drakenstein. In

1705 getroud. Geen nasate nie. Hy is op 23 Februarie 1739 oorlede. Andries du Toit was sy erfgenaam.

PREVOST Charles Dombray 1688

Soms word Kales as herkoms gegee. Arriveer met sy vrou en drie kinders met die “Schelde”. Toe die skip in Tafelbaai aankom, is ’n seun gebore. Hy is aan boord gedoop as Charles. Charles snr. is in Junie 1688 oorlede. Hy is in 1673 getroud met Marie le Fevre. Na sy dood bly sy vrou met vier kinders alleen agter. Marie is in 1688, die jaar van haar aankoms, na die dood van haar man getroud met Hendrik Eeckhoff van Essen en na dié se dood hertroud met Louis de Peronne.

Charles het drie seuns en twee dogters gehad. Sy twee oudste kinders is in Dombray oorlede. Volgens die kerkregisters van Wynen is Charles Prevost “meester-wamaker” 23 jaar oud, seun van Henri Prevost en Jeanne de Ville en geboortig van Dombray by Rysel maar woonagtig te Duinkerke, getroud met Marie le Fevre, 22 jaar oud, dogter van David le Fevre en Elizabeth le Bleu, geboortig van Mark maar woonagtig te Duinkerke (Cfr. le Fevre Marie). Die feit dat sy dadelik na haar aankoms trou met Eeckhoff van Essen dui vermoedelik daarop dat sy Vlaamssprekend was.

PREVOST Abraham Mark 1688

Het saam met sy ouers aangekom. Gebore in Mei 1679. Gevestig op “Amaquas eiland” Drakenstein wat hy in 1714 verkry het. Trou op 12 Mei 1709 te Stellenbosch met Anna van Marseveen. Twee dogters.

PREVOST Anna Mark 1688

Gebore in Februarie 1681. Trou in 1696 met Schalk van der Merwe (1673 gebore). Woon op die plaas “Wittenberg” naby Paarl. Elf seuns en ses dogters. Sy is omstreeks 1740 oorlede.

PREVOST Elizabeth Mark 1688

Gebore in November 1683. As plaas van herkoms vermeld sy “les Attaques”. Getroud met Philippe de Pres van Kortryk. Sewe seuns en vier dogters. Hertrou later met Christiaan Gerbrechts.

Al die Prevost-dogters is met Nederlandssprekendes getroud.

ROSIER Jean Moorsele 1699

(1673-1724). Afkoms ook as Kortryk en Aken vermeld. Soldaat. Eerste huwelik met Wilhelmina Willemse, tweede met Margaretha Harmse Hartingh. Hy word op 13 Oktober 1711 Vryburger. Was beslis Vlaamssprekend.

VITOUT Marie Gizene/Wynen 1688

Land saam met haar eggenoot Daniel Nortier. Tweede huwelik met Matthys Michielse van Glueckstadt. Vier seuns en een dogter. Oorlede in 1711.

VITOUT Sara Gizene/Wynen 1699

Uitgekom met haar man Jacques Delport en een kind. Gevestig te Drakenstein. Drie seuns en drie dogters. Een dogter is op die skip gebore. Waarskynlik het Marie die Kaap so mooi en beloftevol voorgestel in haar briewe aan haar suster dat Sara en haar man belsuit het om ook die sprong te waag.

WARRANT, Gabrielle St Omaars 1701

Kom saam met haar man Gerard Hanseret. Haar seun en dogter het in Europa agtergebly.

WIBAUT Marie-Catherine Amiens 1702

Suster van Andre Wibaut. Naam word ook gespel as Hulbaux, Hucebos. Gevestig op die plaas “Champagne” in die Wagenmakersvallei. In 1702 getroud met Hercule Verdeau. Drie dogters. Marie-Catherine is in 1675 gebore.

Champagne, Frankryk

WIBAUT André Amiens 1706

Timmerman. Met die skip “Blois” van Middelburg aangekom. Word in 1715 vryburger. Op 31 Julie 1727 oorlede. Het ook hy dalk op voorstel van sy suster gekom?

VERNAAMSTE GERAADPLEEDGE WERKE

BOTHA Colin Graham. *Die Kaapste Hugenote*. Uit Engels vertaal deur Marie Malherbe Leliveld. Kaapstad, Nasionale Pers, 1939.

BOSSU Jozef. *Vlaanderen in oude kaarten; drie eeuwen Cartografie*. Tielt Lannoo, 1982.

CHARTROU-CHARBONNEL J. *La Réforme et les guerres de religion*. Paris, Amand Colin, 1936.

COERTZEN Pieter. *Die Hugenote van Suid-Afrika 1688-1988*. Kaapstad, Tafelberg, 1988.

DESPRIET Philippe. *Geskiedenis van Frans-Vlaandere*. Kortyrk, Despriet, 1988.

ENCYCLOPEDIE VAN DE VLAAMSE BEWEGING. Tielt Lannoo, 1973.

FRANKEN J.L. "Die Hugenote aan die Kaap." Pretoria, Staatsdrukker, 1978. In: *Argiefjaarboeke vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*. 41ste jaargang.

GANTOS Jean-Marie. "De Zuidelijkste Nederlandse Wilrijk." *Oranjeuitgaven*, 1967.

GHEERLAND Joris-Max. *Le Pays de Résistance au Jacobinisme*. Farre en Freulon, 1954. (Skuilnaam van J.M. Gantois)

HERAUD Guy. *l'Europe des Ethnies*. Paris, Presses d'Europe, 1963.

JAARBOEK ZANNEKIN o.a. Leo Camerlynck "De nefaste invloed van de Franse Revolutie voor Frans-Vlaanderen" p. 51-64 en C. Moeyaert "De Franse Nederlanden: Bakermat van de Nederlandese Cultuur" p. 163-169 [?] in jaargang 8, 1986. Ook bydraes in die ander jaargange soos bv. L. Glorieux en G. Depamelaere. "Gids voor Picardie." Roeselaere Cartoeristiek 1984 (Resensie), ens.

LUGAN Bernard. *d'Huguenots et Francais: ils ont fait l'Afrique du Sud*. Paris, La Table Ronde, 1988.

PERPILLOU A. e.a. *Visages de la Flandre et de l'Artois* (Collection "Provinciales"). Paris, Horizons de France, 1949.

SCHMIDT Albert-Marie. *Calvin and the Calvinistic Tradition*. London/New York, Longmans/Harper,1980. Uit Frans in Engels vertaal deur R. Wallace.

DOM SMITS A. *Betrekkingen tussen Vlaandere en Zuid-Afrika*. Brugge, Wiek Op, 1943.

VALKHOFF Marius. *Geschiedenis en actualiteit der Frans-Nederlandse taalgrens*. Amsterdam, Meulenhoff, s.d.

Teks van 'n *lesing gehou in die Missaksentrum vir die bevordering van die Vlaamse en Armeense kultuur op Woensdag, 23 November 1988.*

OPMERKINGS

Taaloord plaas met graagte die teks van ’n *uitstekende navorsingstuk oor die Vlaamse Hugenote wat prof. De Vleeschaauwer in 1988 gelewer het.*

’n *Fotokopie van die publikasie is deur Taaloord laat oortik en foto’s waar interessant geag, in die teks bygevoeg. Enkele taalkundige aantekeninge verskyn tussen vierkanthakies.*

Helena Liebenberg